

himself—at least, I found myself—rather puzzled and confused. But this will probably be my fault. In any case, attention is focused here on the Romulus-legend, and we are presented with the interesting, sometimes positively amusing, theories of men like *Vossius*, *Gronovius*, *Cluverius*, *Dodwell*, *Minutoli*, *Salmasius*, and, in more detail, of *Perizonius* again. We see the latter as a man of moderation, accepting the gist of the Romulus-legend in the face of the extreme scepticism of his day, because it satisfied the threefold test he applied to all historical data. He is also satisfactorily cleared of the charge, brought against him by Schwegler in 1867, that in his study on Romulus (1709) he failed to apply the general theory on Roman history he had propounded some 25 years before. The chapter concludes with a lively collection of 17th century etymologies of the names Romulus and Remus, Rhea Silvia and Ilia.

The thesis is rounded off with a last chapter in which all the above lines are drawn through to the oft-quoted Louis de Beaufort and his *Dissertation sur l'incertitude des cinq premiers siècles de l'histoire romaine*. This is followed by a lengthy summary in Afrikaans, a good bibliography, and an Index of Proper Names.

Next to the clarity of its reasoning, the best quality of this study is, perhaps, the *brevity* of the whole, in spite of the extreme thoroughness with which it is written. It is certainly no mean accomplishment to have telescoped a history spanning 400 years within the space of something more than 100 pages.

It bodes well for the future of classical studies in South Africa if work of this standard can be produced by the alumni of our universities.

University of Stellenbosch.

A. M. HUGO

* * *

D. G. van der Keesselii Praelectiones Iuris Hodierni ad Hugonis Grotii Introductionem ad Iurisprudentiam Hollandicam, uitgegee deur professore van die Universiteit van Pretoria. Teks versorg deur P. van Warmelo, L. I. Coertze, H. L. Gonin; in Afrikaans vertaal deur H. L. Gonin, in oorleg met D. Pont. Eerste Band (Inleiding pp. XXIII, teks en vertaling pp. 466; Appendices pp. 15, Voetnote pp. 47). A. A. Balkema, Amsterdam/Kaapstad, MCMLXI.

Summary: This first volume of the editio princeps of D. G. van der Keessel's *Praelectiones Iuris Hodierni ad Hugonis Grotii Introductionem ad Iurisprudentiam Hollandicam* (A. A. Balkema, Amsterdam/Cape Town 1961) is edited by a panel of professors of Pretoria University, the Latinist Prof. H. L. Gonin being responsible for the fluent Afrikaans rendering and jointly responsible for the constitution of the text.

*Omne tulit punctum, qui miscuit utile dulci
lectorem delectando pariterque monendo.*

(Horatius, *Ars Poetica* 343-4)

Hierdie pragwerk, wat die voorlesinge oor die (toenmalige) hedendaagse reg na aanleiding van De Groot se *Inleiding tot de Hollandse Rechtsgeleerdheyd* in Afrikaans vertaal bevat, behoort algemene byval te verwerf, want dit het

die nuttige met die aangename verenig deur die leser te boei en tewens te leer. Latyn kursus I, wat as die onontbeerlike minimum vereiste vir die LL.B.-studie neergelê is, laat nie die gemiddelde regstudent toe om sy pad met gemak deur die Latyn van die Hollandse regsgeleerdes te vind nie en hierdie vertaling is veral bedoel vir hierdie ongelukkiges. Die resensent, wat al vir die laaste 36 jaar Latyn aan 'n universiteit doseer, wil graag die woorde van Van der Keessel onderskryf wat in sy inleiding op p. XXI verskyn (soos deur Gonin vertaal—effens gewysig): ‚Dit sou dus moontlik ongerymd kan lyk dat 'n skrywer wat Hollands praat in Latyn verduidelik word. Aan die ander kant moes ek groot gewig heg aan die lofwaardige gebruik wat in ons Universiteit (Leiden) erkenning verkry het om nl. lesings in die taal van die geleerdes te hou . . . en verder om te verhoed dat die Romeinse regsreëls, waarsonder die hedendaagse Hollandse reg vir 'n groot deel nóg begryp nóg verduidelik nóg ook met juistheid op voorkomende gevalle toegepas kan word, hulle aansien mag inboet by diegene wat nie met 'n oppervlakkige regskennis tevrede is nie, maar na die grondige regsgeleerdheid aspireer.‘

Helaas! Infandum, regina, iubes renovare dolorem.

Ten einde die gehalte van die vertaling te toets, het die resensent enkele proefstukke gevat en heel gou het hy tot die slotsom gekom dat die vertaling akkuraat is; dit lees goed en is vol lewe, soos 'n mens sou kan verwag van 'n Latinis van Gonin se kaliber. Daarby het hy ook die voordeel van 'n uitstekende akademiese kennis van ons regstelsel. Die resensent beny hom die gemak waarmee hy op geleenthede betreklik ingewikkelde Latyn in eksellente Afrikaans vertaal, met inagneming van die krag van elke woord, soos bv. op p. XVII van die Inleiding: ‚dat hy . . . daardie regswetenskap . . . soos 'n eie dierbare dogter liefgehad het en heelwat van die lof ingeoes het wat die harte van mense bly maak‘ (*magnam et gratam hominibus laudem*). En weer op p. 210 (Th. 67): ‚Aangesien die betaamlikheid (*honestas*) egter nie wou toelaat dat die weduwee kort na die dood van haar man tot nuwe huweliksbeloftes sou oorgaan nie (*ad secunda vota transire*), is daar hier te lande in die keure van verskillende plekke 'n sekere termyn bepaal, meestal van ses maande, bv. in die keure van Enkhuizen‘. Die resensent herinner hom die woorde van Marouzeau (uit die Frans deur Christine Mohrmann vertaal, op p. 160): ‚De vertaling moet een worsteling zijn en blijven. Op deze voorwaarde kan de vertaling nog meer worden dan een oefening in het Latijn en een oefening in de moedertaal: zij kan zo een vruchtbare oefening in methodisch werken en een daad van eerlijkheid des geestes worden.‘ In die praefatio wat ook in Latyn verskyn, wys die editeurs daarop dat dié verhandeling oor die Romeins-Hollandse Reg nooit voorheen in boekvorm verskyn het nie en dat ten spyte van die feit dat in die loop van jare sedert dit opgestel is, daar wel etlike afskrifte gemaak is en as sodanig in die hof as gesaghebbend aangehaal is, dit nooit vir elkeen beskikbaar was nie. Hierdie leemte het die editeurs nou begin aanvul (met die eerste band). Die gevolg is dat een van die allerlaaste verhandelings oor die Romeins-Hollandse Reg uit die tyd toe dit nog in Holland van krag was, nou in gepubliseerde vorm verskyn het en toeganklik is vir regsgeleerdes en regspraktisyne van ons land. Alle lof en eer aan die Pretoriase professore vir hierdie baanbrekerswerk.

Die boek is netjies uitgegee; 'errores typographici' skitter deur hulle afwesigheid. Die resesent het maar enkele ontdek: bv. op p. 485 M.S. i.p.v. MS., en op p. 396 centrum i.p.v. centum. Ook (baie selde) word die Latyn van Van der Keessel nie vertaal nie, soos bv. op p. 276—nota op p. 508 'post pacto antenuptiali . . . uncis sunt inclusa': vergeeflik, en raak die waarde van die nota glad nie. Ook op p. XXI: lees 'geleerdheid' i.p.v. 'geleerheid'. Van besondere belang is die vertaling van tegniese Latynse woorde soos bv. op p. 396: statuta (leges): keure; quincunces usurae pro centum: 5% rente; magistratus pupillares: weesmeesters; scabini: skepene; op p. 18: a praetore (sive schulteto) et scabinis una cum consulibus: deur die skout en skepene tesame met die burgemeesters; en weer procurator generalis: prokureur-generaal; statuta pupillaria (sive leges pupillares): weeskeure; de retractu, de cambiis, assecurationibus, bodemeriis: i.s. naasting, wisseltransaksies, ver-sekeringe, bodemerye; liberi minorenes: minderjarige kinders, ens. Die sigla (p. XV) word bondig aangestip en die 'emendationes' van die editore (bv. op p. 40) is aanneemlik.

Die resesent sien uit na die verskyning van Band 2.
Macti virtute, professores Universitatis Pretoriensis.

Universiteit van die O.V.S.,
Bloemfontein.

† S. J. H. STEVEN

* * *

Vertaling, 'n simposium gehou aan die Universiteit van Suid-Afrika. Uitgee onder: Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1961, Reeks B no. 16.

Summary: In this symposium on *Translation* (Communications of the University of South Africa, B.16, Pretoria 1961) *inter alios*, D. M. Kriel deals with 'Translation as a Philological Aid', i.e. as an aid towards better understanding a literary product in the original Latin, while E. Davis discusses 'Literary Translation'.

Soos die titel aandui, word in hierdie publikasie van die Universiteit van Suid-Afrika 'n menslike aktiwiteit bespreek wat van primêre belang is nie alleen vir Klassici wat heeldag vertaal nie, maar ook vir al die inwoners van 'n tweetalige land wat dit nog altyd nodig vind om mededelings in die een min of meer bekende taal ook in die ander min of meer bekende taal weer te gee. Die doel van vertaling, die probleme wat dit meebring, die moontlikheid en onmoontlikheid daarvan word hier deur vier referente elkeen vanuit sy eie vakrigting bespreek. Die geheel bied 'n oorsigtelike eenheid, so ver ek bevoeg is om te oordeel, met besonder min oorvleuelings en dinge wat nie ter sake is nie, afgesien van die onvermydelike rapse wat vakmanne mekaar hier en daar gee.

Mnr. D. M. Kriel bespreek vertaling as filologiese hulpmiddel by die bestudering van Latyn. Vir hom is die moontlikheid al dan nie van vertaling nie ter sake nie, want die Klassikus vertaal in hierdie geval nie vir dié wat geen Latyn ken nie, maar wil vertaling gebruik slegs as hulp tot beter insigte van die letterkundige produk in Latyn. Hy wys vervolgens op die ontoereikend-

ACTA CLASSICA



Acta Classica is published annually by the Classical Association of South Africa. The journal has been in production since 1958. It is listed on both the ISI and the SAPSE list of approved publications.

For further information go to:
http://www.casa-kvsa.org.za/acta_classica.htm